

MEMORANDUM (Diagnostiese assessering / 14 Mei 2020)

Regte volgorde van paragrawed: g, f, h, i, b, e, d, c, a

1.1 Waar

1.2 Vals – Gauteng is die *kleinste* provinsie in Suid-Afrika

1.3 Vals – ons kry die *meeste* van die land se nywerhede hier

1.4 Vals – Gauteng is bekend vir sy donderstroms wat *in die middag* hier uitbreek

2. Gauteng het begin groei toe 'n werklose mynwerker in 1886 hier goud ontdek het.

3. *Die Carlton Sentrum*

4. *Is Gauteng die kleinste provinsie in Suid-Afrika? of Watter provinsie is die kleinste in Suid-Afrika?*

Belangrik: Die vraagteken moet aan die einde van die vraag geplaas word.

5. *Gauteng is nie een van die grootste nywerheidsgebiede in die Suidelike Halfrond nie.*

Belangrik – die dubbele nie

6. provinsie *provinsies* wêreld *wêrelde*

7. nywerhede *nywerheid* middag *middag*

8. mynwerker *mynwerkertjie* stad *stadjie*

9.1 *Gelukkig reën dit in die somer wanneer dit warm is.*

9.2 *Gauteng se geskiedenis het begin toe 'n mynwerker goud ontdek het.*

10. *Gauteng het elke jaar omtrent 850 mm reën gekry.*

11. *In Gauteng sal die meeste van die wêreld se goud uitgehaal word.*

1.5 Literatuurstudie

PROSA – HERSKRYF/HERFORMULEER

*Die mens is die seun van die aarde en die aarde is die dogter van die heelal, daarom bestaan daar geen twyfel oor die verhouding van die mens tot die heelal nie. Dit het die mens eeue geneem om dit te verstaan.*

*Voor die begin van ruimtereise het die mens hom nie werklik een met die heelal gevoel nie. Nou is dit egter anders. Die mens reis reeds deur die ruimte om die aarde en was al op die maan.*

Die woordeboek sê ruimte beteken *om genoeg plek te hê om te beweeg*. Lees nou die volgende en beantwoord die vrae in julle groepe.

Twaalf sardientjies in 'n blik:

hemel, hou tog op met druk!

Dis jy en ek

en ek en sy

en jy en sy

en ek en hy

en hy en sy

en jy en jy –

die kermisbed's te veel vir my.

Hier gaan ek niks langer bly –

jou elmboog druk in my sy!

Uit: *O togga, 'n gogga* deur Phillip de Vos

Probeer nou om die volgende vrae te beantwoord:

- 1.1 Wat word in die gediggie beskryf?
- 1.2 Wie of wat is die spreker (die ek) in die gedig?
- 1.3 Waarmee vergelyk die spreker die bed?
- 1.4 Waarom wil hy of sy nie langer daar bly nie?
- 1.5 'n Sardientjie het nie 'n elmboog nie. Wat noem ons dit wanneer menslike eienskappe aan nie-menslike dinge gegee word?
- 1.6 Waarom, dink jy, kry die sardientjie hier menslike eienskappe?
- 1.7 Het julle al gehoor iemand sê: *Julle is ingeryg soos sardientjies*? Sê nou in jou eie woorde wat dit beteken.
- 1.8 In die gedig is daar 'n telwoord. Skryf dit neer.
- 1.9 Wanneer hou jy nie daarvan as mense baie naby jou staan nie?
- 1.10 Waarom wil mense soms ruimte om hulle hê? Noem twee moontlike redes.
- 1.11 Wat noem ons die vrees vir 'n baie klein ruimte?
- 1.12 Gee vir die gedig 'n titel.